Maandbrief

Oktober 2008

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 ☽ 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Daar is niks groot in die mens se lewe wat net sommer gebeur nie. Ek weet nie van een atleet of sportster wat die hoogste doel behaal het, net omdat hy/sy aan die sportsoort deel neem nie. Geen atleet het terloops 'n goue medalje by die Olimpiese spele gewen, omdat hy/sy terloops geoefen het nie. Geen musikus word 'n groot musikus omdat hy/sy klavier of kitaar speel nie. Alles wat 'n mens in die lewe wil bereik kos harde werk. "Terloopse" se resultate is iets wat ons verwag by mense wat doelloos leef.

Daar is nie so iets dat ek Christus toevallig volg nie. Dit vereis passie, doelgerigtheid en toewyding. Die kerk is 'n plek met doelstellings. Die een gemeente se doelstellings verskil van die ander. Ek glo die rede waarom dit so is, is dat God weet wie Hy kan vertrou met baie werk en voorbereiding. Ek wil elkeen uitnooi om deel te neem aan die taak, sodat ons eendag krone van God af kan ontvang oor ons arbeid. Ons was nie net terloops betrokke by Lig en Lewe nie. Mag God elkeen van ons seën oor ons betrokkenheid en toewyding.

Weereens dankie vir elkeen se bydrae, liefde en teenwoordigheid by die gemeente.

God bless
Past. Leon

Tieners:

Hey YES

Dit is tyd vir verandering en 'n nuwe uitkyk op wat ons doen by YES. Woensdae word van nou af YESdae! Vanaf die 8ste Oktober gaan ons 'n "exciting" nuwe fase in! Ons gaan op *Woensdae* bymekaar kom en nie meer op Vrydae nie. Ek sien baie uit hierna, want dit gee ons die geleentheid om in die middel van die week mekaar te ondersteun en meer van Jesus en onsself te leer! Net soos Jesus die "centre" van alles is gaan ons nou smack bang in die middel van die week ons tyd vir Hom gee!

En dis nie al nie… there's more… Ons gaan 'n reeks begin,
Faith Café. "More than a sermon or lesson, Faith Café is a place for exploring truth and experiencing eternal change. You are invited to taste and see, to drink and be refreshed. By reflecting and exploring, by examining and investigating, by meditating and applying, you just might discover a new way to know God more and to get closer to the person He created you to be. I have no doubt you'll be glad you decided to sit, sip, and talk about life at Faith Café."

Hier is die beplanning vir die laaste kwartaal van 2008. Kyk asb mooi daarna en kom met 'n verwagting elke week. Op Vrydag 31 Oktober het ek 'n "social" aand beplan, en ek sal dit waardeer as julle na my toe sal kom met voorstelle wat julle graag sal wil doen daardie aand… wees oorspronklik!

Oktober

8/10 - Hoe sien ek myself

15/10- Wie is ek regtig

22/10- Wie kan ek word

31/10- Social aktiwiteit(Vrydag)

November

5/11 - Hoe sien/ervaar ek God

12/11- Is God my Vader

19/11- Wat het Jesus vir my gedoen

26/11- Kan God in my bly/leef

Desember

3/12 - Kan God my gebruik

5/12 - Skole sluit – Afsluiting…

Baie lief vir julle en weet altyd dat Jesus *jou* wil gebruik in Sy Koninkryk!

Shireen**

Noot vir Noot terugvoering:

Die Noot vir Noot aand was voorwaar 'n reuse sukses, vra maar vir enige iemand wat dit bygewoon het.

Dit was gehou op Vrydag, 26 September by Piet Burger se huis en aangebied deur Jaco Oosthuizen en Pieter de Witt, wat hul besonder goed van hul taak gekwyt het. Dit was 'n aand van lekker saam sing, speel en kuier.

Ek moet sê dat u sowaar gaan uitmis as u ons volgende geleentheid gaan misloop.

Huishouding:

Baie dankie aan u elkeen wat in September bygedra het tot die huishouding. Ons vra egter dat u sal aanhou bid en ondersteun waar u kan, sodat die koskas nie sal leegloop nie. Dit is slegs deur u ondersteuning dat ons ander kan ondersteun met bydraes.

Baie dankie vir u liefde, gebede en samewerking.

Nagmaal: 5 Oktober



Susters

Die geheime vriendinne se afsluiting en onthulling kom al nader soos die jaar tot sy einde kom. Ons sal in November weer 'n geleentheid hê om as vroue van die gemeente lekker saam te kuier ter afsluiting van die geheime vriendinne. Ons gaan ook by hierdie geleentheid weer ons nuwe trekking hê.

Word solank opgewonde oor ons jaareindfunksie, ek weet ek is. Ons tema is: "On the dot" en u sal nog u uitnodigings ontvang.

Hierdie maand gaan dus die laaste maand wees waar jy jou huidige vriendin kan bederf en bemoedig.

Liefde

Mariska

Maak solank 'n nota van Sondag, 16 November.
Dit gaan ons **FAMILIEDAG** wees.

Dagboek:

Oktober 2008

Sondag, 5 Oktober	Nagmaal
Woensdag, 8 Oktober	YES: Hoe sien ek myself?
Woensdag, 15 Oktober	YES: Wie is ek regtig?
Woensdag, 22 Oktober	YES: Wie kan ek word?
Saterdag, 25 Oktober	Uitreik na gemeenskap
Vrydag, 31 Oktober	YES: "Social" aktiwiteit